Publication: RapportEasternCape (Sport)
Publication Date: 22 Jul 2018
Page: 14

AVE: 279361.72
Circulation: 6875
Part: 1 of 1





## Marizanne Kok gesels met **Zeney en Sokkies**




Hulle is albei 18, albei versot op die langste hekkiesitem – en albei is nou dubbele wêreldkampioene. Vir Zeney van der Walt en Sokwakhana Zazini is die tafel gedek vir grootsheid. En daaroor borrel hulle.

'n Blik op die toekoms? Zeney van der Walt en Sokwakhana Zazini is albei sedert verlede week dubbele wêreldkampioene in die 400-hekkies. En dit, sê albei, is net die begin. | FOTO: GALLO IMAGES

# Hart in die hekkies

## Zeney: 'My krag kom van bo, ek hardloop vir die Here'

Toe Zeney van der Walt Donderdag by die O.R. Tambo-lughawe se internasionale aankomssaal instap, het sy aanvanklik net 'n handjievol mense vir haar sien wag.

Sy het 'n glimlag oor haar gesig voel sprei terwyl sy haar skoolmaats met blomme in die hand sien staan het – maar is in haar spore gestuit toe 'n golf van klank van bo af op haar neerdaal.

"Toe ek opkyk, toe staan daar 'n klomp Affies op die boonste vlak wat vir my sing en baniere met my naam rondswaai om my te verwelkom. Die skool het vir ons 'n klomp geraamde foto's gegee van die byeenkoms en dit was regtig lekker, want die skool het reeds so baie gedoen vir my en nou ook dit. Dis was regtig spesiaal," sê Van der Walt, 'n matrikulant aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria, Vrydag.

'Spesiaal' is nie net 'n woord wat dié jong langeraat graag gebruik nie, maar ook een wat deesdae vryelik oor haar geuiter word.


Met goeie rede ook: Verlede week in Finland is sy as die nuwe o.20-wêreldkampioen in die 400m-hekkies gekroon – 363 dae nadat sy verlede jaar ook by die o.18-wêreldkampioenskap in Nairobi te sterk vir al haar teenstanders was.

In Maart vanjaar het sy boonop die Suid-Afrikaanse junior rekord, wat vir 35 jaar agter die naam van Myrtle Bothma gestaan het, te pletter gehardloop by die SA senior kampioenskap, met 'n tyd van 55.05 wat 0.69 sekondes beter as die vorige kerf was.

En in daardie wedloop het sy die land se voorste 400-hekkiesloper, Wenda Nel, boonop hartkloppings gegee en net vier honderdstes van 'n sekonde agter haar geëindig.

Vir haar afrigter, Maritza Coetzee, was niks daarvan 'n verrassing nie. "Kyk, sy het haar laaste 300-hekkies (in gr. 9) in 42 sekondes gehardloop, wat min of meer dieselfde tye is as wat Myrtle op daai ouderdom opgestel het, so dan weet jy die kind kan hardloop," sê Coetzee.

"Sy het nou klaar (Myrtle se) junior rekord gebreek, so dis duidelik dat sy op die regte pad is."




Trane van vreugde ná nóg 'n wêreldtitel. | FOTO: GALLO IMAGES

Daardie pad het egter in die maande voor die Finland-byeenkoms nie net atletiekhekkies gehad nie. Zeney moes heelwat balle in die lug hou.

Dié Affie is 'n besige meisie: Primaria van haar koshuis, 'n matrikulant wat droom van verdere studies en bowenal iemand wat die hoogste sport in atletiek wil bereik.

"Ek dink my oorheersende emosie toe ek verlede week eerste oor die eindstreep hardloop, was verligting," erken sy. "Ek het geweet ek het hard gewerk daarvoor, maar daar was 'n klomp ander goed wat voor dit ook my aandag vereis het.

"Daar was 'n groot verskil tussen hierdie sege en verlede jaar s'n. Toe het ek en Sanique (Walker van Jamaika) saam oor die lyn gehardloop en ons het vir 'n rukkie nie geweet wie eintlik gewen het nie. Maar dié keer het ek geweet ek was die duidelike wenner, so die emosies was baie anders. Dié een was meer spesiaal, want dit was teen ouer vroue ook. Nie dat ek regtig op die ander gekonsentreer het nie, 'n mens moet eerder fokus op jouself. Ek het my nie laat intimideer nie."

Zeney sê atletiek was van die begin af die sport wat 'n groter deel van haar hart gesteel het. Haar ma was 'n nasionale netbalspeler en haar kleinsus verkies ook dié balsport, maar vir Zeney was die gevoel van die wind in haar hare op 'n atletiekbaan altyd beter.

"Nadat ek in gr. 9 by die (junior) SA's gewen het, het ek geweet ek wil my atletiek verder vat – ek het besef dis my groot passie en ek moet deurdruk daarmee," sê sy.

"Daar was tye (in die aanloop tot die wêreldkampioenskap) dat ek 'n bietjie oorweldig gevoel het deur al my verantwoordelikhede, maar dit het nie my atletiek beïnvloed nie, want dit voel vir my soos 'n wegbreek – dit maak my kop skoon. Ek is regtig lief vir atletiek, en dit is wat alles in plek laat val."

Dit maak ook 'n groot verskil dat Van der Walt atletiek beoefen vir iets meer as haarself.

"My grootste rolmodel is Wenda Nel, net oor hoe sy haarself gedra op die baan en dat sy hardloop vir die Here. Sy weet waar haar talente vandaan kom. Dis ook 'n belangrike aspek van my atletiek. Ek weet Hy het my krag vir my gegee en ek moet dit uitleef," sê Van der Walt.

Aanstaande jaar, sê die Affie, wil sy gaan onderwys studeer by Tuks en begin fokus op haar gróót doelwitte: deelname aan sowel 2019 se senior wêreldkampioenskappe as 2020 se Olimpiese Spele.

Maar voor dan wag die Afrika-kampioenskap, waarheen sy gaan met gróót ideale – "ek hardloop nie in 'n eindronde met 'n ander doel as wen nie" – en daarna haar rekord- en eindeksamen.

Die balle wat sy in die lug moet hou, raak nie minder nie. Maar jy sal Zeney nie daaroor hoor kla nie. Sy leef immers 'n lewe waarvan ander net durf droom.

## Zazini: 'As ek my droom bou, help ek ander bou'

Sokwakhana: Xhosa vir "ons sal mekaar opbou".

Vir Suid-Afrika se opwindendste jong manlike atleet is dit nie net sy naam nie, maar die mantra waarvolgens hy sy lewe lei.

Want op die jeugdige ouderdom van 18 weet Sokwakhana Zazini reeds: Terwyl hy die bakstene van sy eie drome opstapel, wys hy iemand anders wat gedoen kan word, en help hy teken aan die bloudruk van iemand anders se drome.

Dis wat die rolmodelle na wie hy opgekyk het, vir hom gedoen het, en wat hy nou probeer doen vir diegene wat ná hom gaan kom.

Op 18 is dié skaam tiener reeds 'n tweemalige wêreldkampioen. Verlede jaar het hy goud in die 400-hekkies verower by die o.18-wêreldkampioenskap in Nairobi. En net verlede week is hy by die Junior Wêreldkampioenskap in Finland ook gekroon as die beste o.20-hekkiesloper op die planeet.


Dis amper groter as wat hy durf droom het, sê Zazini.

"Dis regtig 'n groot eer en voorreg, want wêreldtitels is nooit maklik om te kry nie – so dubbele sukses is baie moeilik," sê hy Vrydag by die Tuks-sportskool, waar hy besig is met sy matriek.

"Ek het nie (verlede week se) titel verwag nie, want ek het geweet dit gaan baie taaier wees as verlede jaar, daar gaan ouer atlete wees en ek gaan meer moet gee. Maar ek het ook baie hard gewerk om gereed te wees en vir myself gesê ek kan wen. Ek het net gegaan om te wen, eerder as om te dink aan watter tye ek wil opstel. Dit was nie die tyd vir hardloop teen die horlosie nie, die punt was wen.

"Ek het en dit maak my so gelukkig. Dit is 'n bietjie van 'n verrassing, want ek het gedink ek sal ouer wees wanneer ek uiteindelik die mens word wat ek wil wees. Maar hier is dit nou – en nou moet ek dit gryp en daaraan vasklou, want hierdeur maak ek 'n beter toekoms."

Die senuwees het maar goed geknaag voor sy eindronde, erken die jong blits. En dit was goed so.




Absolute fokus voor die groot wedloop. | FOTO: GETTY IMAGES

"As ek nie op my senuwees is voor 'n groot wedloop nie, is ek eintlik meer bekommerd. As ek vlinders in die maag het, weet ek dit gaan 'n goeie dag wees, want dis amper asof dit my banger maak vir verloor en meer aanvuur. As daar nie senuwees is nie, is daar niks wat my jaag nie."

Sokkies (soos sy skoolmaats en mense in atletiekkringe hom noem) is gebore in Burgersdorp in die Oos-Kaap – 'n klein plekkie wat volgens die jongste nasionale sensus minder as 16 000 inwoners het. Dis nie juis die soort plek wat as 'n fabriek vir sporthelde bemark sal word nie – en tog is dit nie net waar Zazini die spoed in sy bene as 'n seuntjie ontdek het nie, maar ook waar die opkomende 200 m-ster Luxolo Adams die vryheid van hardloop ontdek het.

Waar die 21-jarige Adams Port Elizabeth toe is om sy atletiekloopbaan te gaan vorm, het Zazini se kop noorde toe gestaan – Tuks toe.

"Ek het by ander mense gehoor van die skool hier en gesien hoe goed kinders van hier vaar, so ek het begin nalees en besluit om aansoek te doen. Dis beslis waar ek hoort. Hier word jy wakker saam met mense wat dieselfde ideale as jy het en waar almal mekaar herinner om hard te werk vir wat jy wil hê," sê hy.

"Dis hier makliker om daai tweede stem in jou kop, wat sê jy moet eerder in die bed bly as om te gaan oefen, stil te maak. Maar ek is in elk geval nie bang vir harde werk nie. Ek kies altyd die regte stem in my kop. Atletiek is my passie, ek is verlief daarop, so ek wil my alles daarvoor gee. En as jy iewers wil uitkom, moet jy ook bereid wees om die opofferings te maak."

Die besluit om so ver van die huis af agter sy atletiekpassie aan te hardloop, was ook 'n opoffering wat hy graag gemaak het, sê Zazini. En sy ouers het hom al die pad ondersteun.

"Toe ek (verlede week) eerste oor die eindstreep hardloop, was die gedagtes in my kop: Dankie Here, vir my vermoëns en die krag en talent wat my hier gekry het; dankie vir my ouers wat altyd agter my gestaan het, en dankie vir almal wat daar was toe ek gesukkel het en steeds daar is nou dat ek goed doen."

Met sy atletiekloopbaan reeds in die stratosfeer laat Zazini homself toe om gróót te dink. Volgende jaar, sê hy, wil hy sy merk by die senior wêreldbyeenkoms in Doha gaan maak. En die jaar daarna is dit die Olimpiese Spele in Tokio.

"Ek wil nie net soontoe gaan om die getalle vol te maak nie, ek wil soontoe gaan en mededingend wees. Ek weet ek kan dit doen; ek weet ek kan daar vir Suid-Afrika gaan wys waartoe ons in staat is.

"LJ van Zyl was lank een van die heel beste atlete in die land en voordat hy uitgetree het, het hy gesê hy gee die stokkie nou aan vir ons jonges. Ek het besluit ék sal daardie stokkie vat en vorentoe dra, want ek wil mense inspireer en 'n rolmodel wees.

"Ek voel ek is klaar een en ek dink dis 'n verantwoordelikheid wat ek moet koester."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.